**5 Julie 2020 God se vreugde is? Wat maak God bly? (Preek 5)**

**Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

Wat ‘n voorreg om deur die woord van die Here te lees en ook te lees oor die werke van die Gees van God en wanneer mens dit dan leer dan voel mens sommer baie opgewonde en vind vertroosting in die woord van die Here dat God ons nooit alleen sal laat nie.

**Liedere**

- In U teenwoordigheid
- O, Heer my God

**Skriflesing – Lukas 15**

| | |
|---|---|
| 1 | Die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom luister. |
| 2 | Hierteen het die Fariseërs en die skrifgeleerdes beswaar gemaak en gesê: “Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle.” |
| 3 | Toe vertel Jesus vir hulle hierdie gelykenis: |
| 4 | “Sê nou een van julle het honderd skape en een van hulle raak weg. Wat doen hy dan? Hy laat die nege en negentig in die veld staan en gaan agter die een aan wat weg is, totdat hy hom kry. |
| 5 | En as hy hom kry, is hy bly en tel hom op sy skouers. |
| 6 | As hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: ‘Wees saam met my bly, want ek het my skaap wat weg was, weer gekry.’ |
| 7 | Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie.” |

| | |
|---|---|
| 8 | “Of watter vrou wat tien silwermuntstukke het en een raak weg, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie? |
| 9 | En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: ‘Wees saam met my bly, want ek het my geld wat weggeraak het, weer gekry.’ |
| 10 | Ek sê vir julle: Net so is daar blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.” |
| 11 | Verder het Jesus gesê: “Daar was 'n man wat twee seuns gehad het. |
| 12 | Die jongste het vir sy pa gesê: ‘Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom.’ Hy het toe die goed tussen hulle verdeel. |
| 13 | “Nie lank daarna nie het die jongste seun alles tot geld gemaak en van die ouerhuis af na 'n ver land toe vertrek. Daar het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe. |
| 14 | Nadat hy alles deurgebring het, het daar 'n kwaai hongersnood in daardie land gekom, en ook hy het begin gebrek ly. |
| 15 | Hy het toe sommer by een van die mense van daardie land gaan bly, en dié het hom na sy plaas toe gestuur om varke op te pas. |
| 16 | Daar het hy gewens hy kon sy honger stil met die peule wat die varke eet, maar niemand het hom daarvan gegee nie. |
| 17 | “Toe kom hy tot inkeer en sê: ‘My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger. |
| 18 | Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig! |
| 19 | Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.’ |
| 20 | En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan. “Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom. |

| | |
|---|---|
| 21 | Toe sê die seun vir hom: ‘Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.’ |
| 22 | Maar sy pa roep sy werksmense: ‘Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan! |
| 23 | En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier! |
| 24 | Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.’ Toe het hulle begin feesvier. |
| 25 | “Sy oudste seun was nog in die veld. Toe hy terugkom en naby die huis was, hoor hy die musiek en die singery. |
| 26 | Hy roep toe een van die bediendes nader en vra hom wat aan die gang is. |
| 27 | Die bediende antwoord: ‘U broer het gekom, en u pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom behoue en gesond teruggekry het.’ |
| 28 | “Toe het die oudste seun kwaad geword en hy wou nie in die huis ingaan nie. Sy pa gaan toe uit en praat mooi met hom; |
| 29 | maar hy antwoord: ‘Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie. |
| 30 | Maar nou dat hierdie seun van Pa, wat Pa se goed met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom die vetgemaakte kalf geslag!’ |
| 31 | “Toe sê die pa vir hom: ‘Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is ook joune. |
| 32 | Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry.’ ” |

Familie en vriende in onse Here Jesus Christus:  Daar is baie redes waarom Christene vol vreugde behoort te wees.

Vanoggend handel ons dan ook oor die vreugde as vrug van die Gees. Maar dit is nie my vreugde waarvan ek vanoggend gaan praat nie of van die dinge wat vir ons ‘n vreugde is nie, maar eerder gaan ek gesels oor die dinge wat vir God ‘n vreugde is.

Met ander woorde, ek wil begin met die vraag: sê die Bybel vir ons wat God bly maak? Ek wil sê dat ek werklik dink dat die Bybel vir ons sê wat God bly maak..

Want die vreugde van God is presies waaroor die drie verhale in Lukas 15 handel. Gaan lees gerus die hoofstuk. Ek gaan vanoggend net bietjie oor hierdie hoofstuk gesels.

In hierdie hoofstuk lees ons van 3 gelykenisse wat Jesus vir die mense vertel

- Die gelykenis van verlore skaap
- Die gelykenis van verlore muntstuk en
- Die gelykenis van die verlore seun.

Die eerste is die van die gelykenis van die 100 skape waarvan een wegraak.

- Die herder los alles, die 99 skape
- en gaan soek sy skaap met oorgawe.
- Hy vind dit,
- en toe roep hy al sy bure en vriende om saam met hom groot fees te vier en bly te wees.

En dan sê Jesus: net so is dit in die hemel, net so is dit by God.

- By God is daar blydskap as net een verlore sondaar weer by God uitkom.

Die tweede vertelling wat handel oor die verlore muntstuk is in wese net ‘n ander versie van die wat handel oor die verlore skaap.

- Die munstuk raak weg,
- en wanneer die vrou dit na baie moeite kry,
- vier sy fees saam met feitlik elke ander vrou wat sy ken.

En dan sê Jesus presies dieselfde as by die vorige gelykenis:

- net so is God bly wanneer een sondaar tot bekering kom.
- Want God se hart gaan uit na
    - sondaars,
    - verlorenes,
    - na behoeftiges.

Nou vanoggend wil ek so bietjie fokus op die derde gelykenis.

Die gelykenis van die verlore seun (of liewer, die gelykenis van die vreugde van die vader)

Die eerste gedeelte is eintlik ook maar net ‘n herhaling van die eerste twee gelykenisse.

- Die seun loop weg, maar keer later terug.
- Sy terugkeer maak die vader bly,
- so bly dat hy hom tegemoet.

God, wil Lukas dus hier sê, gee nie om om Homself te verneder nie, neer te buig, onwaardig te maak om die sondaar te red nie.

Daarom buig Hy Homself neer in Jesus Christus, en wanneer mense, sondaarmense, in die man aan die kruis glo, dan is God bly, dan, sê Jesus in vers 24, begin God vrolik word.

- Want so is God, so klop God se hart. So voel God oor ons.
- Daar is plek in sy hart vir almal van ons.
- Daarom is Hy bly as ons Hom terugkom.

Wat ons egter ook moet raaksien, familie en vriende, is dat hierdie drie gelykenisse, en veral die laaste een, nie alleen vir ons wil sê hoe God is nie, maar ook hoe ons is.

- Hoe ons, wat kerkmense is,
- wat goeie mense is,
- wat godsdienstige mense is, se vreugde soms lyk.

Daarom vertel Jesus ook die tweede deel van die gelykenis van die verlore seun, die gedeelte oor die **oudste broer.**

Die oudste seun, vertel Jesus, was in die veld toe die jongste seun teruggekeer het. En toe hy van ver af aankom en die gelag en die blydskap hoor, was hy onmiddellik vies.

En daar het seker ‘n hele paar sake deur sy kop gemaal.

Sake soos:

- hierdie broer is eintlik ‘n skelm nikswerd,
- hy verdien wat met hom gebeur het,
- behoort getugtig en gestraf te word,
- en nou is almal bly dat hy terug is.
- Hy kom seker net nog geld vra,
- en homself dan weer uit die voete maak.
- Hy is nou maar eenmaal ‘n sondaar,
- en bo alles is sy pa te sag.

Daarom: laat jonger boetie gerus maar sy las dra, hy sal nie verander nie, behandel hom volgens sy dade, moenie hom nog ‘n kans gee nie.

Daarom ook sy woorde aan sy pa: dit is ek of daardie skelm. As hy binne bly, bly ek buite.

- Dit is net een van ons, maar nie albei nie.

Maar omdat die vader hierdie seun ook liefhet, smeek hy weer by die seun om in te kom.

Maar die oudste wil nie. **Nee, sê hy, hy verstaan sy pa nie**.

Hoekom het sy pa nie vir hom en sy vriende, almal ordentlike, goeie en voorbeeldige mense soos hy, ook ‘n bokkie geslag nie?

Maar steeds sien ons word die vader nie kwaad nie.

Hoekom nie?

- Want in sy oë was hierdie seun ook verlore.
- Verlore omdat hy nog nie ontdek dat ‘n mens juis deur liefde vir ander ware blydskap kan ontdek nie.
- En daarom nooi hy hom weer uit, om in te kom, maar ook om saam met almal oor die boetie bly te wees.

En dan, Familie en vriende: net daar hou Jesus op met die gelykenis.

Hy sê nie wat verder gebeur het nie, of die oudste ingegaan of weggestap het nie.

- Hoekom doen Jesus dit?

- Hoekom vertel Hy die storie nie klaar nie?

Omdat Hy wil hê dat ons die storie elkeen self klaar moet vertel.

Waar ons twee keuses het:

- of ons stap weg en draai so ons rug, nie alleen op ander nie, maar in wese op God,
- of ons gaan in, en ons is bly omdat iemand weer by die Here uitgekom het,
- dat iemand se sonde vergewe is,
- al was sy sonde, sonde teenoor my,
- al was ek die een wat gelei het onder so iemand se dade.

Want dit is die vreugde wat vrug van die Gees is.

Die vreugde as vrug van die Gees, dus as vrug wat van God af kom, is God se vreugde.

En wat maak God bly?

- Wanneer sy kinders tuis kom.
- Wanneer sondaars weer God vind.
- Wanneer ‘n verlore skaap in die gemeente eendag skielik weer ‘n sitplek hier tussen ons kom vul.

Wat het ons gedink, Familie en vriende, is vreugde heel waarskynlik as vrug van die Gees?

- Dat ons bly sal wees,
- blymoedig sal wees,
- nooit hartseer nie,
- opgeruimd onder alle omstandighede,
- blymoedig ook in donker dae?

**Maar hier sien ons dat verkeerd was: vreugde as die vrug van die Gees is om bly te wees waaroor God bly is en bly word.**

Om saam met die Vader bly te wees oor Familie en vriende wat terugkom in die Vaderhuis, om bly te wees, nie in die eerste plek oor ons eie seëninge nie, maar oor

ander se vasgeloopte lewens wat omkeer in hoop en vreugde, om ook sondaars, vyande, te leer vergewe, aan te neem en te dien, en bly te wees hulle is nou saam met ons in die Vaderhuis.

Die drie gelykenisse sê, Familie en vriende, dat elke keer wanneer iets wat weg was gevind is, daar blydskap in die hemele was. En ek wonder soms, Familie en vriende, of hierdie blydskap soms nie maar net in die hemel is nie, en glad nie in die kerk nie. Hoekom sê ek so?

- Want die Vader het iemand soms lankal vergewe, dan verwyt, oordeel en wantrou ons so ‘n persoon.
- Die Vader het soms iemand reeds omhels en gesoen, dan trek ons soms steeds die neus in die lig en keer ons onsself van so ‘n persoon in meerwaardigheid af.
- Die Vader noem mense, my kinders, en dan weier ons steeds om hulle ons familie en vriende te laat wees en hulle so te behandel.

Mag die Gees ons help, Familie en vriende, dat ons die Vaderhart van God sal verstaan, en begin om Sy vreugde en vreugdes te deel.

Wanneer dit gebeur, word ander belangrik in my lewe, nie ek nie, dit gaan nie oor my eie lewe nie, maar dan word ander belangriker as ek.

wanneer dit gebeur, het die Gees ons werklik gelei om nuwe lewensmoontlikhede raak te sien.

Kom ons gaan hierdie week uit en leer om mense anders te sien en te benader en so ook hulle onvoorwaardelik te aanvaar en deel te maak van ons lewe. Om ons gaan kyk hierdie week waar ons die vreugde van God kan sien en kom ons gaan wees saam God bly oor elke verlore skaap wat terug kon kom huistoe. Amen

**Gebed:**

**Seën:**

Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee”. Amen